

# DISSIPELSKAP LES 45

1	GEBED
---	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor die maak van dissipels aan die Here toe.

2	AANBIDDING (20 minute) <i>[UITDRUKKING VAN AANBIDDING]</i> LEWE TOT EER VAN GOD
---	--

Meditasie.

Aanbidding is jou houding teenoor God wat uitgedruk word in jou lewe en leefstyl.

Tema: Lewe tot eer van God.

Lees die uitleg voor of lê dit in jou eie woorde uit.

## 1. Die lewenstyl van 'n Christen.

**Lees** Psalm 15:1-5.

Sy gedrag. Die Christen wandel onberispelik en doen wat reg is.

Sy woorde. Hy praat regtig die waarheid.

Sy verhouding tot sy naaste. Hy benadeel nie 'n ander nie. Hy neem nie deel aan lasterpraatjies of skinder nie.

Sy verhouding tot slegte mense. Hy verag mense wat verwerplike dinge doen, d.w.s. hy verwerp (gee gladnie aandag, lof of eer aan) die kwaad wat hy doen nie, maar hy haat hulle nie (Lukas 6:27-28).

Sy verhouding tot christene. Hy eer diegene wat ontsag het vir die HERE (mense wat nie die bose doen nie).

Sy beloftes. Hy bly getrou aan sy beloftes, tensy hy 'n oorhaastige belofte moet terugtrek (Spreekw 6:1-5).

Sy verhouding tot behoeftige mense. Hy help mense sonder dat hy iets daarvoor terug verwag.

Sy regverdigheid. Hy laat hom nie omkoop om die onskuldige te benadeel nie (Deuteronomium 16:19).

Aan watter soort leefstyl is jy toegewy? Watter leefstyl beoefen jy tot eer van God?

## 2. God se belofte.

Christene wat die bogenoemde lewenstyl beoefen, sal in God se teenwoordigheid leef (Psalm 15:1).

Hy sal nooit deur 'n mens of omstandigheid tot struikeling gebring kan word nie. Hy sal nooit wankel nie (Psalm 15:5).

## 3. Die lewensstyl van 'n christenleier.

**Lees** 1 Timoteus 4:12-16

Sy jong ouderdom is geen diskwalifikasie om 'n oudste (ouderling) te wees nie!

Hy stel 'n voorbeeld vir andere (vergelyk 1 Petrus 5:2-3).

Hy wy sy talente, tyd en energie aan die bestudering en onderrig van die Bybel.

Hy maak gebruik van die genadegawes (geestesgawes) wat God hom gegee het.

Hy hou nooit op om homself te ontwikkel en geestelik te groei nie.

Hy gee steeds aandag aan hoe hy leef en aan die leer wat hy onderrig.

Aanbidding

*Laat* elkeen van ons om die beurt (in één of twee sinnetjies) God aanbid wat 'n ander lewensstyl van ons eis, 'n lewensstyl wat Hóm sal eer.

3	DEEL (20 minute) <i>[STILTETYD]</i> JOB 1, 2, 12 en 14
---	---

*Maak beurte en deel (of lees) kortliks* wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Job 1, 2, 12 en 14). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op dit wat hy deel nie.

4	ONDERRIG (70 minute) <i>[HEILIGE GEES]</i> DIE DOOP EN DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES
---	---

Handleiding 2, les 21 gee onderrig oor die aard van die Heilige Gees en sy werk in mense en in die Gemeente.

Handleiding 4, les 45 gee onderrig oor die besondere funksies van die Heilige Gees: die doop en die vervulling met die Heilige Gees en die vrug van die Gees.

Handleiding 7, les 35 gee onderrig oor die genadegawes (geestesgawes) van die Heilige Gees.  
Handleiding 7, supplement 12 gee nog meer onderrig oor die genadegawes (geestesgawes) van die Heilige Gees.

## A. DIE DOOP MET DIE HEILIGE GEES

### 1. Die uitdrukking "doop met die Heilige Gees".

(1) Die uitdrukking "doop met die Gees" in die Bybel.

Die uitdrukking "doop met die Gees" kom net sewe maal in die Nuwe Testament voor (Matteus 3:10-12; Markus 1:8; Lukas 3:16; Johannes 1:33; Handeling 1:5; Handeling 11:14-18 en 1 Korintiërs 12:12-13). Al sewe kere is dit 'n verwysing na die wedergeboorte deur die Heilige Gees, d.w.s. na die begin van Christen-wees! In Matteus 3:10-12 word die doop met die Heilige Gees duidelik uitgelê as die inbring van gelowiges in die Koninkryk van God, terwyl die doop met vuur uitgelê word as die werping van die ongelowiges in die hel.

(2) Die voorspelling en die vervulling van die doop met die Gees.

Die doop met die Heilige Gees word al in die Ou Testament voorspel. (Esegïel 36:25-27; Joël 2:28-32).

Die vervulling van die doop met die Heilige Gees

- vir die eerste gelowiges onder die Jode (ingeslote die eerste dissipels van Jesus Christus) word beskryf in Handeling 2:1-4 en Handeling 2:37-41 (Handeling 1:8a)
- vir die eerste gelowiges onder die half-Jode (Samaritane) word beskryf in Handeling 8:12-17 (Handeling 1:8b)
- vir die eerste gelowiges onder die nie-Jode (heidene) word beskryf in Handeling 10:34-48 (Handeling 1:8c; Handeling 11:14-18; Handeling 15:7-11).

Nadat die fondament van die wêreldwye Gemeente (Kerk) onder die drie hoofgroepe van mense in die wêreld gelê is, word oor mense wat in Jesus Christus glo, gesê:

- dat hulle die Heilige Gees ontvang het (Handeling 2:38-39), d.w.s.:
- dat hulle met die Heilige Gees gedoop is (1 Korintiërs 12:12-13)
- of dat hulle met die Heilige Gees verseël is (Efesiërs 1:13-14)
- of dat hulle weergebore en vernuwe is deur die Heilige Gees (Titus 3:5-7)

Hierdie uitdrukkings is sinonieme vir die ontvang van die Heilige Gees aan die begin van 'n Christen se lewe.

### 2. Die betekenis van die doop met die Heilige Gees.

Die Bybel gebruik verskillende uitdrukkings om die uitstorting van die Heilige Gees te beskryf:

- Die Heilige Gees is "eens vir altyd uitgiet of uitgestort oor"<sup>1</sup> mense en hulle *begin* om die evangelie te glo (Handeling 2:33; vgl. Titus 3:6; Handeling 2:17). Die aoristus tyd verwys na 'n *eenmalige gebeurtenis*. "Die gawe van die Heilige Geest is ook (letterlik:) blywend (permanent vir ewig) uitgestort"<sup>2</sup> op die heidene (Handeling 10:45). Die voltooid teenwoordige tyd verwys na 'n *gebeurtenis waarvan die effek blywend is*.
- Die Heilige Gees "het *eens vir altyd* gekom op (letterlik: geval op"<sup>3</sup> die mense en hulle het *begin* om die evangelie te glo (effektief te hoor)(Handeling 10:44; vgl. Handeling 11:15).
- Die Heilige Gees is "eens en vir altyd gegee aan"<sup>4</sup> mense wat *eens en vir altyd* tot geloof in Jesus Christus gekom het (Handelingen 11:17; vgl. Handelingen 15:8-9).
- Die Heilige Gees is "eens en vir altyd ontvang"<sup>5</sup> (Handeling 10:47) deur mense wat *eens en vir altyd* tot geloof gekom het (vgl. Handeling 11:17).
- Dit word genoem: "gedoop word met die Heilige Gees"<sup>6</sup> (Handeling 11:16). Egte Christene word almal eens en vir altyd met/deur één Gees gedoop<sup>7</sup> tot die Liggaam van Christus (1 Korintiërs 12:13). Dis die enigste manier waarop 'n mens 'n lid word van die wêreldwye Gemeente/Kerk!
- Egte christene is almal "eens en vir altyd van die één Gees deurdrenk"<sup>8</sup> (1 Korintiërs 12:13)
- Dit word genoem: "eens en vir altyd gesalf word"<sup>9</sup> (met die Heilige Gees) (2 Korintiërs 1:21; vgl. 1 Johannes 2:20,27)
- Dit is genoem: "eens en vir altyd verseël word met die Heilige Gees"<sup>10</sup> (Efesiërs 1:13; 2 Korintiërs 1:22).
- Dit word genoem: "eens en vir altyd gee van 'n onderpand van die Gees in ons harte"<sup>11</sup> (2 Korintiërs 1:22)

<sup>1</sup> Grieks: εκχωσθω (toekomstige tyd) επι, πνευματος αγιου εξεχεεν (aoristus tyd)

<sup>2</sup> Grieks: επι τα εθνη η δωρεα του αγιου πνευματος εκκεχυται (voltooid teenwoordige tyd) (Handelingen 10:45)

<sup>3</sup> Grieks: επιπιπτω: επεπεσεν (aoristus tyd) το πνευμα το αγιον επι

<sup>4</sup> Grieks: διδομι: την ισην δωρεαν εδωκεν (aoristus tyd) αυτοις ο θεος ως και ημιν πιστευσασιν επι τον κυριον Ιησουν Χριστον

<sup>5</sup> Grieks: λαμβανω: το πνευμα το αγιον ελαβον (aoristus tyd) ως και ημεις

<sup>6</sup> Grieks: βαπτισθησεσθε (toekomstige tyd) εν πνευματι αγιω

<sup>7</sup> Grieks: εν ενι πνευματος ημεις παντες εις εν σωμα εβαπτισθημεν (aoristus tyd)

<sup>8</sup> Grieks: και παντες εν πνευματι εποτισθημεν (aoristus tyd)

<sup>9</sup> Grieks: χρισσας (aoristus tyd)

<sup>10</sup> Grieks: εσφραγισθητε (aoristus tyd) τω πνευματι της επαγγελιας τω αγιω

<sup>11</sup> Grieks: δους (aoristus tyd) τον αρραβωνα του πνευματος εν ταις καρδιας ημων

- Dit word (letterlijk) genoem: “eens en vir altyd gered deur die bad van wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees”<sup>12</sup> (Titus 3:5-6)
- Jesus noem dit: “eens en vir altyd wedergebore word, opnuut gebore word” of “van bo gebore word”<sup>13</sup> (Johannes 3:3-8).

Al hierdie verskillende uitdrukkings beteken presies dieselfde.

- (1) Die doop met die Heilige Gees beteken: die Heilige Gees ontvang wat jou weergebore laat word en verlos laat wees.

Toe die eerste heidene die evangelie van Jesus Christus hoor (in ongeveer 40 n.C.), val die Heilige Gees op hulle presies soos die Heilige Gees aan die begin op die eerste dissipels van Jesus Christus onder die Jode geval het (30 n.C.). God het die gawe, wat bestaan uit die Heilige Gees Self en noem hierdie gebeurtenis: “die doop met die Heilige Gees” (Handelinge 11:15-17).

- Pinkster van die eerste Jode het plaas gevind in 30 n.C.
- Pinkster vir die eerste half-Jode (die Samaritane) wat in Jesus Christus geglo het, het in ongeveer 33/34 n.C. plaasgevind.
- Pinkster vir die eerste nie-Jode (die heidene) wat in Jesus Christus geglo het, het plaas gevind in ongeveer 40 n.C.

Die resultaat was dat hierdie mense gered is presies soos die eerste Jode wat in Jesus Christus geglo het (Handelinge 2:18,21; Handelinge 11:14; Handelinge 15:11; Romeine 10:12-13; vergelyk Efesiërs 1:13). Toe hulle met die Gees gedoop is, het God aan hulle (letterlijk) “die bekering wat tot die (ewige) lewe lei gegee” (Handelinge 11:18) en “hulle harte gereinig deur die geloof” (Handelinge 15:9). Hierdie Bybelse uitdrukkings verwys almal alleen na die wedergeboorte of verlossing.<sup>14</sup>

Lank voor hierdie gebeure het Jesus Christus al geleer dat mense wat in Hom glo “uit God gebore is” (Johannes 1:12-13) of “opnuut gebore is” (Johannes 3:3), “die ewige lewe het” (Johannes 3:16) en “die Koninkryk van God ingegaan het” (Johannes 3:5). En lank daarna het die apostel Paulus geleer dat die Heilige Gees op gelowiges in Jesus Christus “uitgegiet is” en op hierdie manier:

- hulle verlos het deur die bad van die wedergeboorte en die vernuwing deur die Heilige Gees” (Titus 3:5-6 AOV)
- hulle “geregverdig (vrygespreek)” het deur sy genade
- hulle “erfgename gemaak het ooreenkomstig die hoop van die ewige lewe” (Titus 3:7-8).

- (2) Die doop met die Heilige Gees beteken die ontvang van die Heilige Gees wat jou aan Christus en sy Gemeente (Kerk) (Liggaam) laat behoort.

Johannes die Doper het gesê dat Jesus Christus mense sou “doop met die Heilige Gees” en op hierdie wyse sou Hy “sy koring in die skuur saambring” (Matteus 3:11-12). Ses-en-twintig jaar na Pinkster skryf Paulus dat dit nie net ’n uitgesoekte groepie mense is wat met die Gees gedoop is nie, maar

- dat “ons is almal ook deur een Gees gedoop tot een liggaam (die Gemeente/Kerk), of ons Jode of Grieke is, slawe of vrymanne;
- en dat ons is almal van een Gees deurdronge is” (1 Korintiërs 12:13)<sup>15</sup>.

Dit sluit alle apostels en alle mense in die wêreld in wat in Jesus Christus glo, ongeag wat hulle vroeër was.

Dus, as ons in Jesus Christus glo, word ons met die Heilige Gees gedoop en word ons deel van die Liggaam van Christus, die een wêreldwye Gemeente of Kerk (Efesiërs 1:22-23). Van daardie oomblik af is ’n Christen nie maar net ’n individu nie, maar ’n lid van die nuwe gemeenskap van Christus.

- (3) Die doop met die Heilige Gees beteken om die Heilige Gees te ontvang wat in jou kom woon en werk.

By die doop met die Heilige Gees kom die Heilige Gees in die liggaam van die nuwe Christen woon (1 Korintiërs 6:19-20; Johannes 14:16-17) en ook in die midde van die Christelike Gemeente (Efesiërs 2:19-22). Die Heilige Gees in die Christene is niemand minder as “Christus in u” nie. Wie die Heilige Gees ontvang het, is ’n Christen, maar wie die Heilige Gees nie ontvang het nie, is nog nie ’n Christen nie (Romeine 8:9-10; 1 Korintiërs 12:3).

Die Heilige Gees pas die volledige volbragte verlossingswerk van Jesus Christus toe in die lewe van elkeen wat ’n Christen word (Johannes 16:13-15; 2 Korintiërs 1:21-22). Die Heilige Gees word “as ’n stroom van lewende water wat vanuit die binneste van ’n Christen vloei” (Johannes 7:37-39). Van dan af aan word dit steeds duideliker dat die Heilige Gees aan die Christen één of meerdere genadegawe (geestesgawe) gegee het:

- waarmee hij ander mense dien (1 Petrus 4:10-11)

<sup>12</sup> Grieks: δια λουτρου παλιγγενεσιας και ανακαινωσσεως πνευματος αγιου

<sup>13</sup> Grieks: γεννηθη (aoristus tyd) ανωθεν

<sup>14</sup> En nie na ’n sogenaamde “tweede seën” (the second blessing) nie.

<sup>15</sup> Grieks: και γαρ εν ενι πνευματι ημεις παντες εις εν σωμα εβαπτισθημεν (aoristus tyd), ειτε Ιουδαιοι ειτε Ελληνες ειτε δουλοι ειτε ελευθεροι, και παντες εν πνευμα εποτισθημεν (aoristus tyd)

- die Gemeente (Kerk) opbouw (1 Korintiërs 12:7; 1 Korintiërs 14:12)
- Christene toerus vir hulle werk in sy diens (Efesiërs 4:11-13)
- en God verheerlik (1 Petrus 4:11)!

**Samenvatting.** Die doop met die Heilige Gees gebeur wanneer mense vir die eerste keer in Jesus Christus gaan glo. Die gevolge is: hulle word wedergebore en verlos, hulle behoort dan aan Christus en die wêreldwye Gemeente (Kerk), die Heilige Gees kom in hulle woon, hulle word geheilig en toegerus met genadegawes (geestesgawes) om God en mense te dien.

### 3. Die volgorde van gebeurtenisse by die doop met die Heilige Gees.

- (1) Waarom die eerste 120 dissipels van Jesus Christus nie onmiddelik met die Heilige Gees gedoop is nie.

**Lees** Handeling 2:1-4,33; Johannes 7:37-39; (Johannes 12:23-24; Johannes 16:7; Lukas 24:49; Handeling 1:5).

Handeling 2:1-4 beskryf 'n unieke heilshistoriese gebeurtenis en is geen algemeen geldende christelike onderwysing nie. Die apostels van Jesus Christus en die eerste ander Christene onder die Jode wat in Handeling 1:15 genoem word, was al gelowiges voordat hulle op die Pinksterdag met die Heilige Gees gedoop is. Hulle is nie met die Heilige Gees gedoop op die moment dat hulle gelowig geword het nie, omdat hulle in Jesus gaan glo het toe Hy nog op die aarde by hulle was. In Johannes 7:37-39 en Johannes 16:7 sê Jesus dat alle mense wat vóór sy verheerliking in Hom glo, moes wag op 'n baie belangrike heilshistoriese gebeurtenis, naamlik, die uitstorting van die Heilige Gees. Dit sou pas plaasvind na sy kruisiging, opstanding, hemelvaart en troonsbestyging in die hemel. Pas na die uitstorting van die Heilige Gees sou die Heilige Gees in hulle liggaam kom woon! Hierdie uitstorting van die Heilige Gees op die eerste gelowiges onder die Jode op die Pinksterdag word “die doop met die Heilige Gees” genoem (Handeling 1:5; Handeling 11:14-18)! Hierdie gebeurtenis was 'n uniek heilshistoriese gebeurtenis! Handeling 2:1-4 is dus nie 'n onderwysing oor die doop met die Heilige Gees vir vandag nie!

- (2) Waarom die ander gelowiges onder die Jode wel onmiddelik met die Gees gedoop is.

**Lees** Handeling 2:14-42.

Toe die apostel Petrus en die ander apostels die evangelie aan die groot aantal Jode op die Pinksterdag verkondig het, (Handeling 2:14) en hulle hul bekeer het, het ook hulle die gawe wat bestaan uit die Heilige Gees ontvang (Handeling 2:37-38). Hierdie Jode het nie gewag om met die Heilige Gees gedoop te word nie, omdat die apostel van Jesus Christus (Petrus) die deur van die Koninkryk vir die Jode oopgesluit het. Jesus Christus het so sy Gemeente (Kerk) onder die Jode (Handeling 2:41-42) gebou op die fondament van sy apostels (Openbaring 21:11-14)!

- (3) Waarom die eerste gelowiges onder die Samaritane nie onmiddelik met die Gees gedoop is nie.

**Lees** Handeling 8:12-17.

Handeling 8:12-17 beskryf ook 'n unieke heilshistoriese gebeurtenis en is ook geen algemeen geldende christelike onderwysing nie! Die Samaritane was 'n gemengde ras wat bestaan het uit volke wat die Assiriërs soontoe verban het en hul godsdienste was ook 'n mengsel tussen die godsdienste van Israel en die heidense afgodery (2 Konings 17:1-41). Daar het vyandskap geheers tussen die Samaritane en die Jode. Die Samaritane was nie 'n deel van God se Ou-Testamentiese volk nie. Hierdie tradisionele vyandskap tussen die Jode en die Samaritane het dit moelik gemaak om te glo dat Samaritane ook gered kon word en 'n deel van God se Nuwe-Testamentiese volk (die Gemeente/Kerk) kon word.

Maar Samaritane het tot geloof gekom deur die verkondiging van die evangelie deur die evangelis Filippus en nie deur die verkondiging van die evangelie deur die twaalf apostels van Jesus Christus nie. Die Samaritane is eger nie met die Heilige Gees gedoop totdat die apostels van Jesus Christus, Petrus en Johannes, die deur tot die Koninkryk van God vir die Samaritane oopgesluit het. Die apostels van Jesus Christus het vir die Samaritaanse gelowiges gebid dat ook hulle die Heilige Gees mag ontvang en daardeur wedergebore sou word (Johannes 3:3-8)! Jesus Christus het so sy Gemeente (Kerk) onder die half-Jode ook gebou op die fondament van sy apostels (Openbaring 21:11-14)! Die Samaritane moes beseef dat “verlossing uit die Jode kom” (d.w.s. uit Jesus Christus wat uit Israel voortgekom het)(Johannes 4:22).

- (4) Waarom die eerste gelowiges onder die heidene wel onmiddelik met die Gees gedoop is.

**Lees** Handeling 10:1-48; Handeling 11:1-18; Matteus 16:18-19; Matteus 18:18; Efesiërs 2:19-20.

Daar was ook vyandskap tussen die Jode en die heidene omdat die Jode die heidene as ‘onrein’ beskou het (Handeling 10:28). Ook hierdie tradisionele vyandskap tussen die Jode en die heidene het dit moelik gemaak om te glo dat ook heidene gered kon word en 'n deel van God se Nuwe-Testamentiese volk (die Gemeente/Kerk) kon word.

Maar God het eers 'n visioen deur middel van 'n engel aan die heiden Kornelius in Sesarea gegee dat hy die apostel Petrus moes laat haal (Handeling 10:1-8) en daarna ook 'n visioen aan die apostel Petrus in Joppe gegee oor allerlei onreine lopende en kruipende diere op die aarde en allerlei voëls in die hemel te slag en te eet (Handeling 10:9-23).

Die heidene het tot geloof gekom en is met die Heilige Gees gedoop deurdat die apostel van Jesus Christus, Petrus, die evangelie aan hulle verkondig het (Handelinge 10:24-43). Dus, ook die gelowiges onder die heidene is met die Heilige Gees gedoop toe die apostel Petrus die deur van die Koninkryk van God vir die heidene oopgesluit het (Handelinge 10:44-48)! Jesus Christus het so ook sy Gemeente (Kerk) onder die nie-Jode gebou op die fondament van sy apostels (Matteus 16:18-19; Efesiërs 2:20; Openbaring 21:11-14)!

Die gesag om die deur van die Koninkryk van God oop te sluit vir die Jode, die half-Jode en die nie-Jode is deur Jesus Christus in Matteus 16:18 aan sy twaalf apostels gegee. Jesus Christus Self bou sy gemeente/Kerk en Hy het sy apostels tot die fondament gemaak (Matteus 16:18; Matteus 18:18; Johannes 20:21-23; Efesiërs 2:20; Efesiërs 3:2-6<sup>16</sup>; Kolossense 1:13-14 en Openbaring 21:14). Veral die apostel Petrus (Matteus 16:18) was sy instrument om die eerste Jode (Handelinge 2:37-41), die eerste half-Jode (Handelinge 8:12-17) en die eerste nie-Jode (Handelinge 10:34-48) tot die Koninkryk van God toe te laat. Die twaalf apostels en hul gesaghebbende werk het die fondament gelê van die historiese Christelike Kerk. Die bou van die fondament van die Gemeente/Kerk deur die apostels van Jesus Christus onder die Jode, die half-Jode en die nie-Jode was unieke heilshistoriese gebeurtenisse! Hierdie gebeurtenisse is nooit weer herhaal nie.<sup>17</sup>

Sendelinge vandag is nie “apostels van Jesus Christus” nie, maar alleen “apostels van die gemeente” wat hulle uitgestuur het. Handelinge 8:12-17 mag dus ook nie misbruik word nie om mense vandag te motiveer om ’n tyd nadat hulle tot geloof gekom het sogenaamd met die Gees gedoop te word deur een of ander voorganger in die kerk. “Die doop met die Gees” is en bly die soewereine voorreg van alleen die Here Jesus Christus (Markus 1:8; Matteus 3:11-12)!

(5) Waarom ander gelowiges in die wêreld vandag wel onmiddelik met die Gees gedoop word.

*Lees* Handelinge 2:37-38; Handelinge 10:47-48; Efesiërs 1:13-14.

Omdat Jesus Christus al verheerlijk is (deur sy opstanding uit die dood, sy hemelvaart en sy troonsbestyging in die hemel), word ander gelowiges in die wêreld vanaf daardie unieke heilshistoriese gebeurtenisse in Handelinge met die Heilige Gees gedoop wanneer hulle in die Here Jesus Christus gaan glo.

- Die Bybel beskryf in die boek Handelinge die historiese begin van die Gemeente (Kerk) onder die drie belangrike groepe mense in die Bybel: die Jode, die half-Jode en die nie-Jode.
- En die Bybel leer dat iemand met die Gees gedoop word wanneer hy die evangelie hoor en in Jesus Christus gaan glo.

Alle mense in die wêreld word onmiddelik met die Gees gedoop (ontvang die Heilige Gees) sonder bemiddeling van een of ander kerkelike leier wanneer hulle opreg in Jesus Christus gaan glo (Handelinge 2:38-39)! Niemand hoef meer te wag op die apostels van Jesus Christus om vir hulle die deur van die Koninkryk oop te sluit nie, want die deur is al deur die apostels van Jesus Christus oopgesluit vir al die belangrike groepe mense in die wêreld! Die deur bly oop tot die wederkoms van Christus (Openbaring 21:25; Matteüs 25:10). Almal in die wêreld wat die evangelie hoor en glo, word onmiddelik met die stempel van die Heilige Gees gemerk (verseël) (Efesiërs 1:13)! Die Bybel leer duidelik dat elke mens wat die Heilige Gees ontvang het, ’n Christen is (Romeine 8:9-10). Daarom is dit onmoontlik om tot geloof in Jesus Christus kom (’n Christen word) te skei van die ontvangs van die Heilige Gees (die doop met die Heilige Gees)(Johannes 1:12-13; Efesiërs 1:13-14)! Christene glo in één Goddelike Wese wat Homself in drie Synswyse of Bestaanswyse openbaar. Die één God word nie in stukies op verskillende tye ontvang nie!

#### 4. Die tekens wat die doop met die Heilige Gees begelei.

(1) Die Bybel beskryf (histories) drie unieke tekens wat die doop met die Gees begelei het: Die unieke tekens was: die wind uit die hemel, die tonge van vuur en die spreek in ander tale.

Handelinge 2:1-11 beskryf dat die eerste dissipels by die doop met die Gees “’n geluid uit die hemel soos van ’n geweldige stormwind gehoor het wat die hele vertrek gevul het waar hulle gesit het”. Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel het en op elkeen van hulle kom sit het.” En hulle is almal met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander (bestaande) tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.”

Die tekens van wind en vuur was seker uniek op die Pinksterdag, want hulle word nooit meer gehoor of gesien nie. Die spreek in ander bestaande tale van die wêreld wat alleen vir sommige toehoorders begryplik was, kom nog voor, maar die Bybel leer nie dat dit sal gebeur of moet gebeur wanneer mense met die Gees gedoop word of met die Gees vervul word!

<sup>16</sup> Die twaalf “apostels” was bo alles die “profete” of verkondigers van Jesus Christus en sy koninkryk (Lukas 24:45-48; Handelinge 1:8) en van die geheimenis dat die gelowiges vanuit die heidense volke op volkome gelyke voet met die gelowiges uit die volk van Israël erfgename is (Efesiërs 3:2-6). “Die getuienis van Jesus Christus is die gees (essensie) van profesie” (Openbaring 19:10).

<sup>17</sup> Handelinge 19:1-7 beskryf nie “die doop met die Gees” ’n tyd nadat hierdie mense tot geloof gekom het nie. (Dit bewys nie die sogenaamde “tweede seëning” nie. Hierdie “dissipels” (volgelingen) was nie dissipels van Jesus Christus nie. Hulle was nie Christene nie, maar dissipels van Johannes die Doper. Hulle wis niks oor die bestaan van die Heilige Gees! Pas nadat Paulus die evangelie aan hulle duidelik gemaak het, is hulle wedergebore (het hulle die Heilige Gees ontvang) (vgl. Johannes 3:7).



Die spreek in bestaande tale (tonge van mense) in die wêreld is seker heel iets anders as die spreek in onverstaanbare tale (tonge van engele) soos dit alleen in die gemeente van Korinte gebeur het, 'n gemeente met baie probleme<sup>18</sup> (1 Korintiërs 13:1)!

- (2) Die Bybel beskryf (histories) één algemene teken wat die doop met die Heilige Gees begelei.  
Die algemene teken: die tot stand kom van 'n funksionerende gemeente.

Handelinge 2:37-47 beskryf dat die dissipels na die doop met die Gees 'n funksionerende gemeente gevorm het. Hulle het volhard in die leer van die apostels (wat nou in die Bybel opgeteken is), in die gemeenskap (onderlinge verbondenheid), in die breek van brood (die gemeenskappelike maaltyd) en in die gebede. Hulle het dus 'n funksionerende gemeente gevorm! Die mees voorkomende sigbare teken in die Bybel by die doop met die Gees is die tot standkoming van 'n funksionerende gemeente (Handelinge 2:47; Handelinge 4:4; Handelinge 5:14; Handelinge 6:7; Handelinge 8:12; Handelinge 11:21; Handelinge 13:48; Handelinge 14:21-23, Efesiërs 1:1,13; Titus 3:4-11; ens.)!

Die argument dat ongeveer 3000 Jode almal in onverstaanbare tonge gaan praat het, is ongeldig, omdat die Bybel daar niks van sê nie en Lukas seker so 'n feit nie ongenoem sou laat nie.

- (3) Die Bybel leer (daarom is dit leerstellig) drie tekens wat op die doop met die Gees sou moet volg.  
Die noodsaakelike tekens: deel word van 'n funksionerende gemeente, die vrug van die Gees en diensbetoon (moontlik met 'n genadegawe).

Die Bybel leer heel duidelik dat drie tekens sigbaar sou moet word in elke Christen wat met die Gees gedoop is:

- Hy behoort deel uit te maak van die wêreldwye Liggaam van Christus deur aktiewe deelname aan 'n funksionerende gemeente (1 Korintiërs 12:12-27)
- Hy behoort die vrug van die Gees te dra (en die vrug van die vlees te dood)(Galate 5:16-23; Romeine 8:13; vgl. Efesiërs 5:18-21).
- Hy behoort Christus in sy Gemeente te dien met sy deur God gegewe taak en met sy deur God gegewe genadegawe (Romeine 12:3-8; 1 Korintiërs 12:4-7,11,28-31; Efesiërs 4:7,11-14; 1 Petrus 4:10-11).

## B. DIE VERVULLING MET DIE HEILIGE GEES

As die Heilige Gees *alleen maar 'n onpersoonlike krag sou wees wat 'n gelowige in 'n bepaalde hoeveelheid sou kon besit*, dan sou die belangrikste strewe van die gelowige die volgende moet wees: "Hoe kan ek meer van die Heilige Gees (meer van sy krag) besit?" Maar as die Heilige Gees 'n *Persoon is wat die gelowige in besit geneem het, hom beheers en beïnvloed*, dan sal die belangrikste strewe van die gelowige die volgende moet wees: "Hoe kan die Heilige Gees meer van my in besit neem?" "Hoe kan die Heilige Gees meer van my lewe beheers?" "Hoe kan die Heilige Gees my meer beïnvloed?" 'n Mens is nooit in staat om besit te neem van God (Christus, die Heilige Gees), maar God (Christus, die Heilige Gees) wil, kan en sal van my besit neem as ek dit toelaat!

Die doel van my verhouding met die Heilige Gees is nie om bepaalde geestelike vermoëns te verower nie, of om wonderbaarlike tekens te vertoon nie, maar is dat Jesus Christus deur sy Gees in my woon en my lewe beheers! My belangrikste vraag sou moet wees: "Hoe kan Jesus Christus deur sy Gees meer terreine in my lewe besit en my lewe grondiger beïnvloed?" Vervul wees met die Gees beteken dat God (Christus, die Heilige Gees):

- my besit, beheers en lei deur sy teenwoordigheid en deur sy Woord (die Bybel)
- en maak dat ek my lewe aan Hom onderwerp en oorgee, en daardeur kry my lewe meer invloed en word my bediening meer vrugbaar. 'n Christen wat met die Heilige Gees vervul is, onderwerp hom volledig aan Christus!

### 1. Die Bybelse belofte met betrekking tot die vervulling met die Heilige Gees.

Jesus het aan alle mense wat in Hom glo belowe dat die Heilige Gees as 'n stroom van lewende water uit sy binneste sou vloeï (Johannes 7:37-39). En Hy het aan sy dissipels belowe dat die Heilige Gees aan hulle krag sou gee om sy getuie te wees onder die Jode, die Samaritane en die heidene tot aan die einde van die aarde (Handelinge 1:8)! Die Heilige Gees gee hemelse krag, wysheid en liefde om op die aarde te lewe en te dien!

### 2. Die historiese vervulling van die belofte met betrekking tot die vervulling met die Heilige Gees.

Die Bybel beskryf die verskillende resultate van die vervulling met die Heilige Gees. Al hierdie historiese beskrywinge is nie bevel of onderwysing oor wat vandag in die Gemeente/Kerk sou moet gebeur nie.

- Lukas 1:41-43. Elisabet het spesiale voorkennis ontvang oor die baba wat Maria sou kry.
- Lukas 1:67-79. Sagarias het geprofeteer oor die toekoms van Johannes die Doper en Jesus.
- Lukas 4:1-2. Jesus het die versoekings van die duivel oorwin.

<sup>18</sup> Die probleme in die gemeente van Korinte was: verdeeldheid (partyskappe), seksuele immoraliteit, regsake, huweliksprobleme, deelname aan die offerandes aan afgode, konflikte oor die posisie van die vrouens, konflikte oor die geestesgawes, veral oor die spreek in tonge en profesie, strewe na vreemde geeste (Grieks: 1 Korintiërs 14:12) en nie glo in die opstanding uit die dood nie.

- Handeling 2:4. Die eerste dissipels van Jesus is met die Gees vervul toe hulle met die Gees gedoop is en hulle het oor die groot daad van God in ander bekende tale van die wêreld geprofeteer (verkondig).
- Handeling 4:8. Petrus het onmiddellik inspirasie en moed gekry om in die openbaar te spreek (Markus 3:11).
- Handeling 4:31. Die dissipels het moed en vrymoedigheid gekry om God se boodskap te verkondig.
- Handeling 6:3,8-10. Die eerste diakone was met die Gees vervul en het God se Woord met onweerstaanbare wysheid verkondig. Stefanus het ook die geestesgawe om wonder te verrig, ontvang.
- Handeling 7:55. Stefanus was in staat 'n visioen te sien van die heerlikheid van God en die opgestane Heer.
- Handeling 9:17-22. Die optrede van Paulus het steeds kragtiger geword en hy het sy teenstanders in verwarring gebring deur aan te toon dat Jesus Christus die beloofde Messias was.
- Handeling 11:24. Barnabas het 'n groot aantal mense vir die Here gewen.
- Handeling 13:9-11. Paulus het gesag ontvang om 'n towenaar en vals profeet met blindheid te tref.
- Handeling 13:49-52. Nuwe Christene is met blydskap vervul te midde van teenstand en vervolging.

### 3. Die Bybelse leer met betrekking tot die vervulling met die Heilige Gees.

Lees Efesiërs 5:15-21.

Hierdie Bybelgedeelte leer drie duidelike feite oor die vervulling met die Heilige Gees.

(1) Die hoofwerkwoord is 'n bevel in die onvoltooid teenwoordige tyd.

Die hoofwerkwoord in vers 18 is "Laat die Gees julle vervul"<sup>19</sup>.

- Die werkwoord is 'n bevel.

Die Bybel *beveel* Christene met die Gees vervul te wees. Dit is geen vrye keuse nie, maar 'n noodsaaklike plig. Christene moet hierdie bevel gehoorsaam!

- Die hoofwerkwoord is in die onvoltooid teenwoordige tyd.

Dit druk uit dat die Christen altyd met die Gees vervul behoort te wees of in elk geval telkens weer en weer met die Gees vervul te word.

- Die hoofwerkwoord is in die lydende vorm.

Dit druk uit dat die handeling nie deur die Christen (of deur een of ander voorganger of pastoor) maar deur God uitgevoer moet word. Al is iemand 'n christelike leier of 'n begaafde persoon, kan tog geen mens dit bewerkstellig nie. God alleen kan dit bewerkstellig en Hy beloof om dit ook te doen.

Dus, die Bybel leer dat die normale christenlewe is 'n lewe waarin die Christen met die Gees vervul is!

(2) Die ander werkwoorde is deelwoorde wat afhanklik is van die hoofwerkwoord.

Die vyf ander werkwoorde in vers 19-21 is deelwoorde in die onvoltooid teenwoordige tyd: "spreek", "sing", "loof" (Grieks: psalló: psalms sing met musiekbegeleiding, NIV: make music), "dank" en "wees aan mekaar onderdanig" (NBV: aanvaar mekaar se gezag). Hulle druk dus dieselfde uit as die hoofwerkwoord: bevele wat gelyktydig en voortdurend uitgevoer hoort te word. Hierdie vyf werkwoorde beskryf die kenmerke van 'n lewe waarin die Christen met die Gees vervul is.

- Die geesvervulde Christen verheerlik God saam met ander Christene. Hy raak nie betrokke in wilde en rumoerige feeste wat geassocieer word met dronkenskap, ongereghede, en perverse uitspattinge (Efesiërs 5:3-13; 1 Petrus 4:3-4). In plaas daarvan kom hy saam met ander Christene by mekaar om te sing en musiek te maak. Die doel van sulke byeenkomste is om God te verheerlik en om mekaar op te bou. Dit is 'n voorbeeld van die vrug van die Gees, naamlik, *blydskap* (Galasiërs 5:22).
- Die Geesvervulde Christen beheers sy tong (Jakobus 3:1-12; Psalm 141:3). Hy word nie negatief, krities en veroordelend m.b.t. mense en omstandighede nie. Hy word nie gekenmerk deur te kla, te argumenteer, te mor of teë te spreek nie (Filippense 2:14). Hy straal geen ontevredenheid of ondankbaarheid uit nie. In plaas daarvan is hy tevrede (Filippense 4:11; 1 Timoteüs 6:6) en dank hy God onder alle omstandighede (1 Tessaloniense 5:18). Dit is voorbeeld van die vrug van die Gees, naamlik *selfbeheersing* (Galasiërs 5:23; 1 Korintiërs 7:9; 1 Korintiërs 9:24-27).
- Die Geesvervulde Christen aanvaar die gesag van 'n ander. Hy word nie hoogmoedig, trots of onafhanklik as 'n droogmaker nie. Hy weier nie om saam te werk nie, saai geen verdeeldheid nie en is nie selfsugtig of selfgerig nie. In plaas daarvan leef hy oorgegee aan Christus en onderwerp hy homself aan die gesag van ander mense. Hy wil nie altyd die eerste in 'n kompetisie wees nie en ook nie die belangrikste in 'n organisasie nie. Hy is bereid om die minste te wees en om te dien waar ander mense nie wil of kan dien nie (Johannes 13:1-17). Hy het die belange van ander mense voor oë (Filippense 2:4). Hy ag ander mense hoër as homself (Romeine 12:10). Hy is vriendelik, hofflik, sagmoedig, nederig en bedagsaam. Dit is 'n voorbeeld van die vrug van die Gees, naamlik *sagmoedigheid* (Galasiërs 5:23).

Dus, die Bybel leer dat 'n Geesvervulde lewe verander in 'n baie aantreklike Christen.

<sup>19</sup> Grieks: πληρουσθε (imperatief, onvoltooid teenwoordige tyd, lydende vorm) εν πνευματι

(3) Die voegwoord tussen vers 17 en 18 verbind vers 15-17 met die Geesvervulde lewe.

Daar is 'n voegwoord "en" tussen vers 17 en vers 18 in die oorspronklike Griekse teks. Dus, wat in vers 15-17 geskrywe staan kenmerk ook die Geesvervulde lewe.

- Die Geesvervulde Christen let op hoe hy leef (homself gedra). Hy wil nie eiwys wees nie, ook nie onafhanklik van God of alleen maar doen wat goed is in sy eie oë (Rigters 21:25). In plaas hiervan toon hy dat hy die ou wêreldse lewensstyl verwerp het en dat hy die nuwe heilige en regverdige lewensstyl aangeneem het.
- Die Geesvervulde Christen streef na praktiese wysheid. Hy sal die beste middele gebruik om die hoogste doel te bereik. Hy sal sy kennis van die Bybel toepas in sy daaglikse lewe tot eer van God (Efesiërs 5:15).
- Die Geesvervulde Christen sal die beste gebruik maak van die geleentehede wat God hom skenk (Efesiërs 5:16).
- Die Geesvervulde Christen streef om die wil van God in die Bybel te ken en te gehoorsaam (Efesiërs 5:17). Hy beproef wat die Here welbehaaglik is (Efesiërs 5:10).

#### 4. Die praktyk van die vervulling met die Heilige Gees.

**Leer.** Om die Heilige Gees vir die eerste keer te ontvang, moet 'n persoon die evangelie hoor, begryp en in Jesus Christus glo (Johannes 1:12-13; Efesiërs 1:13).

**Vraag.** Maar wat moet 'n Christen doen as hy nie die vervulling met die Gees ervaar nie? Wat moet hij doen als hij niet ervaar dat sy lewe oorgegee is aan die heerskappy van Jesus Christus?

(1) Herstel die Geesvervulde lewe.

**Lees** 1 Johannes 1:9; Efesiërs 4:25-32; Efesiërs 5:8-11; Jakobus 4:5-10.

**Ontdek en bespreek.** Hoe kan 'n mens die Geesvervulde lewe herstel?

**Aantekeninge.** Sonde in alle vorme bedroef die Heilige Gees en bring skeiding tussen jou en God (Jesaja 59:1-2). Maar die Heilige Gees laat 'n Christen nie in die steek as hy sonde pleeg omdat die Christen alreeds die staat (posisie) van volledige geregtigheid besit (Romeine 4:1) (Romeine 5:1) en omdat Jesus Christus belooft dat die Heilige Gees altyd by en in die Christen sal bly (Johannes 14:16-17).

Nietemin, ten einde die verstoorte verhouding tussen jou en God te herstel en relatie tussen jou en God te herstel en weer die werk van die Heilige Gees te ervaar, behoort jy die volgende te doen:

- Bely alle sondes waarvan je bewus is, en glo en aanvaar Gods vergeving (1 Johannes 1:9).
- Breek met alle sondige praktyke (Spreuken 28:13) en verkeerde menselike verhoudinge in jou lewe (1 Korintiërs 15:33). Verwyder elke vorm van sonde (Efesiërs 5:3-14).
- Vra vergewing van mense vir die onreg wat jy hulle aangedoen het (Matteus 5:23-24; Jakobus 5:16). Stel, vir so vêr dit in jou vermoë lê, mense skadeloos, maak verkeerde dinge weer reg en hou vrede met alle mense (Romeine 12:17). Dit word "daaglikse bekering" genoem en is 'n uitdrukking van "ware liefde" (Lukas 6:27-28).
- Onderwerp jou aan God, gehoorsaam sy Woord in jou daaglikse lewe (Jakobus 4:5-10). Ook dit is 'n uitdrukking van "ware liefde" (Johannes 14:21,23).

(2) Vra aan God om jou met sy Gees te vervul.

**Lees** Filippense 4:6-7; Matteus 7:7-11; Lukas 11:9-13.

**Ontdek en bespreek.** Wat mag 'n mens van God vra?

**Aantekeninge.** Elke Christen mag van God vra om die werklikheid van 'n Geesvervulde lewe te mag ervaar en spesifieke aspekte van 'n Geesvervulde lewe te mag ontvang.

- Vra vir die heerskappy van die Heilige Gees. Bid dat Jesus Christus weer sy beheer oor jou lewe sal hervat deur middel van die inwonende Heilige Gees (Galasiërs 5:18).
- Vra vir die vrug van die Heilige Gees. Bid dat Jesus Christus jou gedagtes, houding, geoontes en karakter sal verander deur middel van die Heilige Gees wat in jou woon (Galasiërs 5:22-23).
- Vra vir die genadegawes (geestesgawes) van die Heilige Gees. Bid dat Jesus Christus jou sal toerus vir 'n bepaalde taak deur vir jou 'n genadegawe te gee wat by jou taak pas (Efesiërs 4:7,11-12; vgl. 1 Korintiërs 12:31; 14:1). Maar onthou dat die gee van genadegawes die soewereine voorreg van die Drie-enige God bly (1 Korintiërs 12:11)!

(3) Handhaaf die Geesvervulde lewe.

**Ontdek en bespreek.** Hoe kan jy die geesvervulde lewe handhaaf (onderhou)?

**Aantekeninge.** Die Geesvervulde lewe word gehandhaaf deur aanhoudende dissipelskap!

Die Heilige Gees is absoluut noodsaaklik vir elk van die ses onderdele van dissipelskap!

- Die Gees en Christus. Die Heilige Gees openbaar en verheerlik Jesus Christus (Johannes 16:13-15). Die Heilige Gees plaas Jesus Christus altyd in die middelpunt van jou lewe en van die Gemeente
- Die Gees en die Woord. Die swaard van die Heilige Gees is die Woord<sup>20</sup> van God (Efesiërs 6:17). Hy herinner jou aan die woorde van Jesus Christus (Johannes 14:26) en pas die woorde in jou lewe toe (Johannes 16:8-11).

<sup>20</sup> Grieks: "réma" en nie "logos". Réma is byvoorbeeld 'n Bybelvers wat presies in die roos skiet, soos Matteus 4:4!



- Die Gees en gebed. Die Gees help jou om te bid (Romeine 8:26-27) en op die juiste manier te bid (Efesiërs 6:18).
- Die Gees en gemeenskap (fellowship). Die Heilige Gees gee vrede en liefde wat nodig is vir die Christelike gemeenskap (Romeine 5:5).
- Die Gees en vrug dra. Die Heilige Gees gee die woorde waarmee jy getuig (Lukas 12:11-12) en genadegawes (geestesgawes) waarmee jy dien (1 Korintiërs 12:11).
- Die Gees en gehoorsaamheid. Die Heilige Gees gee krag om te doen wat God sê (Handelinge 1:8; Handelinge 5:32; 1 Petrus 1:2).

**Samenvattinge.** Die vervulling met die Heilige Gees beskryf die normale Christenlewe as 'n lewe wat voortdurend onder die beheer (heerskappy) van die Heilige Gees staan of elke keer weer onder die beheer van die Heilige Gees (dit is die Gees van Jesus Christus) gestel word. Dit is dus 'n lewe wat oorgegee is en hom onderwerp aan die heerskappy van Jesus Christus.

Die Geesvervulde lewe word sigbaar in die vernuwing van 'n mens, sy gedagtes, houding, gewoontes en karakter deur middel van die Heilige Gees.

En die Geesvervulde lewe word sigbaar in die bediening of taak wat God aan die Christen toegewys het, dikwels deur middel van 'n gepaste geestesgawe.

### C. DIE VRUG VAN DIE HEILIGE GEES

**Lees** Romeine 8:9-16; Galasiërs 5:13-25.

**Ontdek en bespreek.** Hoe openbaar die sondige natuur en die Heilige Gees Homself in die Christen?

#### 1. Die manifestering van die sondige natuur.

Die inwonende sondige natuur druk homself uit in liggaamlike sondes soos seksuele immoraliteit en uitspattinge, in geestelike sondes soos afgodery en okkultisme, en in sosiale sondes soos selfsugtige ambisies en bakleiery.

#### 2. Die manifestering van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees wat in jou woon, druk Homself uit in die vrug van die Gees, dit wil sê, in eieskappe soos liefde, blydschap en vrede; in sosiale deugde soos geduld, vriendelikheid en goedheid; en in trou aan God, sagmoedigheid teenoor mense en selfbeheersing in jou eie lewe.

As jy 'n Christen is, dan behoort jy aan Jesus Christus (Kolossensen 1:16) en woon die Gees van Jesus Christus in jou liggaam (1 Korintiërs 6:19-20). Dan is jy verplig om nie meer onder die heerskappy van die sondige natuur te lewe nie, maar onder die heerskappy van die Heilige Gees. Die Heilige Gees en die sondige natuur is in stryd met mekaar (Galaten 5:17) en die Heilige Gees help jou om die sondige natuur in jou dood te maak (Romeine 8:13).

Die Heilige Gees bring liefde, blydschap, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, trou, sagmoedigheid en selfbeheersing tot stand in die Christen. Die Heilige Gees lei die Christen op die pad wat God wil hê dat hy loop. So word die Heilige Gees (dit is die Gees van Jesus Christus) die oorheersende krag en invloed in die lewe van die Christen en sal die Christen homself steeds meer en meer oorgee (onderwerp) aan die Heilige Gees en met die Heilige Gees saamwerk.

Die volgende Bybelstudie gaan oor die vrug van die Gees (handleiding 4, les 46).

5	GEBED (8 minute)	[REAKSIES] GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
---	------------------	---

*Bid* saam in antwoord op wat God vir julle gesê het. Laat elkeen in die kring 'n beurt kry om kortliks (in één of twee sinne) te reageer op wat God hom/haar in hierdie byeenkoms geleer het.

Of verdeel die groep in groepies van twee of drie en bid saam vir mekaar (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6	VOORBEREIDING (2 minute)	[OPDRAGTE] VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
---	--------------------------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende geleentheid uit of laat die groep dit afskryf.

- 1 Toewyding. Wy jou daaraan toe om 'n dissipel te wees en dissipels te maak. Verkondig, leer en bestudeer die studie oor die doop met die Heilige Gees en die vervulling met die Heilige Gees met iemand anders of met 'n klein groepie.
- 2 Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk op 'n keer uit Job 38, 39,40 en 41. Maak gebruik van jou gekose Bybelvers- of gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
- 3 Bybelstudie. Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. (5) Galasiërs 5:13-26. Tema: Die vrug van die Gees in die wêreld. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
- 4 Gebed. Bid vir iemand of iets hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
- 5 Hou jou notas op datum. Hierdie keer oor aanbidding van God, jou stiltetyd en hoe om God se leiding te soek.